Die verhouding van isoniasied in die voeringvloeistof van die epiteel teenoor dié in plasma is 1 - 2 en vir die SSV is 0,9. Ongeveer 10 % van isoniasied is proteïengebonde.
Metabolisme
Isoniasied word deur hepatiese arielamien N-asetieltransferase tipe 2 (NAT2) gemetaboliseer. Isoniasied word in reaksies wat asetiel-koA gebruik, na N-asetielisoniasied ge-N-asetileer. Asetielisoniasied word deur die niere uitgeskei, asetielisoniasied kan ook na asetielhidrasien, en daarna deur CYP2E1 na hepatotoksiese metaboliete omgeskakel word. Alternatiewelik kan asetielhidrasien verder deur NAT2 na diasetielhidrasien, wat nie toksies is nie, geasetileer word.
Die suiwering van isoniasied in pasiënte word geklassifiseer as een van twee fenotipiese groepe: "stadige" asetileerders en "vinnige" asetileerders. Vinnige asetileerders sal asetielhidrasien verwyder terwyl stadige asetileerders of induksie van CYP2E1 tot meer toksiese metaboliete sal lei.
Eliminasie
Die halfleeftyd van isoniasied wissel van 1,1 ± 0,1 ure vir vinnige asetileerders tot 3,1 ± 1.1 ure vir stadige asetileerders. 75 - 95 % van 'n dosis van isoniasied word binne 24 uur as hoofsaaklik asetielisoniasied en isonikotiensuur in die urien uitgeskei.

Pirasinamied
Absorpsie
Die orale biobeskikbaarheid van pirasinamied is > 90 % vir 'n dosis van 500 mg; K_{max} van 12 tot 14 µg/mL; t_{max} 1,6 ± 0,94 ure.
Verspreiding
Pirasinamied word 20-voudig in die voeringvloeistof van longepiteel gekonsentreer. Ongeveer 10 % van pirasinamied is proteïengebonde.
Metabolisme
Pirasinamied word deur mikrosomale deamidase na pirasinoïensuur (POA) gemetaboliseer, wat daarna na 5-hidroksi-POA gehidroksileer word en dan deur die niere uitgeskei word.
Eliminasie
(Cl) Opruiming en V_d (volume van verspreiding) neem toe met massa van die pasiënt (0,5 ℓ/uur en 4,3 ℓ vir elke 10 kg meer as 50 kg en V_d is groot in mans (met 45 ℓ). Die $t_{½}$ van pirasinamied sal op grond van massa en geslag wissel. Die suiwering van pirasinamied neem af in nierversaking, daarom word die doseringsfrekwensie teen lae glomerulêre filtrasietempos na drie keer per week verminder. Hemodialise het pirasinamied verwyder, daarom word herdosering na elke hemodialisesessie vereis.

INDIKASIES
CO-AFARIS PAED 75/50/150 word aangedui vir longtuberkulose in kinders.

KONTRA-INDIKASIES
CO-AFARIS PAED 75/50/150 word teenaangedui in pasiënte met 'n geskiedenis van hipersensitiwiteit teen rifamisien of isoniasied of pirasinamied en ander chemies verwante medisyne, of teen enige van die eksipiënte van **CO-AFARIS PAED 75/50/150**.
Dit word teenaangedui in die teenwoordigheid van geelsug of in pasiënte met ingekorte lewerfunksie.
Swangerskap en laktasie (sien **MENSLIKE REPRODUKSIE**).
CO-AFARIS PAED 75/50/150 word teenaangedui in pasiënte met matig tot erg ingekorte nier- of lewerfunksie, diabetes mellitus, chroniese alkoholisme, 'n geskiedenis van jig, pasiënte wat aan stuipafwykings en porfirie ly.
Die gelyktydige gebruik van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** en nevirapien, sakinavir en ritonavir word teenaangedui.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS
CO-AFARIS PAED 75/50/150 behoort nie aan pasiënte met ingekorte lewerfunksie toegedien te word nie. Indien **CO-AFARIS PAED 75/50/150** die enigste behandelingsopsie in hierdie pasiënte is, behoort versigtige monitering van lewerfunksie, veral serumglutamien pirodruiwesuur transaminase ALT en serumglutamien oksaloasynsuur transaminase AST voor inisiëring van terapie en elke twee tot vier weke gedurende terapie uitgevoer te word. Indien tekens van hepatosellulêre skade voorkom, behoort **CO-AFARIS PAED 75/50/150** onttrek te word (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
'n Verslag wat 'n matige toename in bilirubien- en/of transaminasevlakke aantoon, is in sigself nie 'n indikasie vir die onderbreking van behandeling nie. Die besluit behoort eerder nadat die toetse herhaal is, geneem te word, met notering van die neigings in die vlakke en die oorweging daarvan in samewerking met die pasiënt se kliniese kondisie.

Lewerfunksie behoort voor en gedurende behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** nagegaan te word en spesiale sorg behoort aan die dag gelê te word in alkoholiste of diegene met reeds bestaande lewersiekte as **CO-AFARIS PAED 75/50/150** die enigste behandelingsopsie (sien **KONTRA-INDIKASIES**) is. Dosisaanpassing is nodig waar daar bewys van lewerinkorting bestaan en behandeling mag moontlik verander moet word waar daar meer ernstige lewertoksisiteit bestaan. Bloedtellings behoort gedurende verlengde behandeling gemonitor te word, asook in pasiënte met lewerafwykings. Indien ander ernstige komplikasies ontstaan bv. nierversaking of hemolitiese anemie, behoort **CO-AFARIS PAED 75/50/150** gestaak te word en nooit weer heringestel te word nie.
Pasiënte behoort in kennis gestel te word dat verkleuring van die urien, fekes, speeksel, sputum, sweet en trane mag voorkom. Pasiënte behoort verder in kennis gestel te word dat sagte kontaklense permanent mag vlek.

Rifampisien besit ensieminduserende eienskappe wat die metabolisme van endogene substrate, insluitende sommige byniernormone, tiroïedhormone en vitamien D kan versterk.

Isoniasied
Die gebruik van isoniasied soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** word teenaangedui in pasiënte met chroniese lewersiekte of wanfunksie van die niere. Indien **CO-AFARIS PAED 75/50/150** die enigste behandelingsopsie is. Behoort hierdie pasiënte noukeurig gemonitor te word. Erge en soms fatale hepatitis geassosieer met isoniasiedterapie mag voorkom, soms selfs na baie maande van behandeling. Die risiko vir die ontwikkeling van hepatitis is ouderdomsverwant. Pasiënte behoort vir prodromale simptome van hepatitis, soos moegheid, swakheid, algemene gevoel van ongesteldheid, anoreksie, naarheid of braking gemonitor te word. As hierdie simptome ontstaan, of as tekens wat op lewerbeskadiging dui waargeneem word, behoort die behandeling onmiddellik gestaak te word. Die voortgesette gebruik van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** in hierdie gevalle mag 'n meer ernstige vorm van lewerbeskadiging veroorsaak (sien **KONTRA-INDIKASIES**)

Lewerfunksie behoort voor en gedurende behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** nagegaan te word en spesiale sorg behoort aan die dag gelê te word in alkoholiste of diegene met reeds bestaande lewersiekte wanneer **CO-AFARIS PAED 75/50/150** die enigste behandelingsopsie is (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Periodieke oogondersoeke gedurende behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** is voorgestel.

Vitamien B_6 in 'n dosis van 15 tot 50 mg per dag behoort met isoniasiedterapie toegedien te word om newe-effekte in ondervoede pasiënte en diegene wat tot neuropatie predisponeer, tot 'n minimum te beperk.

Die gebruik van isoniasied behoort sorgvuldig gemonitor te word in pasiënte met stadige asetileerderstatus (sien Farmakokinetiese eienskappe), 'n geskiedenis van psigose, 'n geskiedenis van perifere neuropatie en MIV-infeksie.

Pirasinamied:
Pirasinamied, soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** behoort met sorg in pasiënte met 'n geskiedenis van jig gebruik te word. As hiperurisemie, geassosieer met 'n akute jigagtige artritis voorkom, behoort die pasiënt oorgeskakel te word na 'n regimen wat geen pirasinamied bevat nie.

Lewerfunksie behoort voor en gedurende behandeling in alle pasiënte bepaal te word. Sorg behoort aan die dag gelê te word in pasiënte met ingekorte nierfunksie.

Dit mag moeilik word om diabetes mellitus te beheer in pasiënte wat **CO-AFARIS PAED 75/50/150** ontvang.

Effekte op die vermoë om te bestuur en met masjinerie te werk
CO-AFARIS PAED 75/50/150 mag duiseligheid, ingekorte konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak. Pasiënte behoort in kennis gestel te word dat wanneer hulle hierdie simptome ondervind, hulle potensieel gevaarlike take soos bestuur en die gebruik van masjinerie behoort te vermy.

Fenielketonurie
Pasiënte met fenielketonurie behoort in kennis gestel te word dat **CO-AFARIS PAED 75/50/150** fenielalanien ('n komponent van aspartaam) bevat.

INTERAKSIES:
Rifampisien:
Die gelyktydige gebruik van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** en nevirapien word teenaangedui.
Wanneer **CO-AFARIS PAED 75/50/150** saam met die kombinasie van sakinavir/ritonavir toegedien word, neem die potensiaal vir lewertoksisiteit toe. Daarom word die meegaande gebruik van sakinavir/ritonavir teenaangedui.
Daar is aangemeld dat gehalogeneerde ingeasemde narkose, wanneer dit saam met rifampisien toegedien word, die hepatotoksisiteit van beide rifampisien en isoniasied verhoog.
Daar is aangemeld dat ketokonasool die serumkonsentrasies van beide medisyne verlaag wanneer hulle saam toegedien word.
Rifampisien besit lewerensiem induserende eienskappe en mag die aktiwiteit van asatopnen, chlooramfenikol, simetidien, klofibraat, kortikosteroïede, kumarien antikoagulante, siklosporien, dapsoon, diasepam, doksisiklien, flukonasool, haloperidol, heksobarbitoon, itrakonasool, ketokonasool, metadoon, orale hipoglukemiemiddels, fenitoïen, kinien, sulfasalasien, tiroïedhormone, teofillien, sidovudien en verskeie kardiovaskulêre medisyne, insluitende beta-adrenoseptor blokkerende medisyne, digoksien en antidisritmie medisyne soos disopiramied, lorkaïenied, meksiletien, propafenoon, kinidien, tokaïenied en verapamiel en ander kalsiumkanaal blokkerende medisyne, orale voorbehoedmiddels, narkotika, pynstillers en barbiturate verminder.
Dit mag nodig wees om die dosis van hierdie middels aan te pas as hulle saam met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** toegedien word. Pasiënte wat orale voorbehoedmiddels gebruik behoort aangeraai te word om na nie-hormonale metodes van kontrasepsie gedurende terapie met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** oor te skakel. Magnesiumtrisilikaat, aluminiumhidroksied of natriumbikarbonaat verminder die biobeskikbaarheid van **CO-AFARIS PAED 75/50/150**.

Alkohol
Die meegaande daaglikse gebruik van alkohol mag die risiko van rifampisiengeïnduseerde hepatotoksisiteit verhoog en het die metabolisme van rifampisien verhoog. Dosisaanpassings van rifampisien mag nodig wees en pasiënte behoort noukeurig vir hepatotoksisiteit gemonitor te word.

Kortikosteroïede
Die meegaande gebruik met rifampisien mag die metabolisme van kortikosteroïede deur induksie van hepatiese mikrosomale ensieme verhoog, met 'n gevolglike afname in die plasmakonsentrasie van kortikosteroïed. Dosisaanpassing van die kortikosteroïed mag moontlik nodig wees.

Anti-retrovirusmedisyne
Rifampisien, soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** kan die metabolisme van sidovudien, die NNTTIs delavirdien, efavirens en nevirapien (sien **KONTRA-INDIKASIES**) en die MIV-protease-inhibeerders induseer, wat tot subterapeutiese plasmakonsentrasies lei. Verder inhibeer MIV-protease-inhibeerders die metabolisme van rifampisien, wat tot verhoogde plasmakonsentrasies van rifampisien en 'n toename in die voorkoms van newe-effekte lei.
Rifampisien soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** verlaag die konsentrasie van efavirens en daar word aanbeveel dat die dosis van efavirens verhoog word in pasiënte wat meer as 60 kg weeg. Geen dosisaanpassing van rifampisien soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** word vereis nie.

Isoniasied:
Isoniasied staan daarvoor bekend dat dit sekere sitochroom P450 ensieme inhibeer, terwyl rifampisien daarvoor bekend staan om sekere sitochroom P450 ensieme te induseer. Oor die algemeen is die kompeterende effekte van rifampisien en isoniasied op die metabolisme van medisyne wat biotransformasie deur die geaffekteerde bane ondergaan, onbekend. Daarom behoort sorg aan die dag gelê te word wanneer **CO-AFARIS PAED 75/50/150** saam met medisyne wat deur sitochroom P450 gemetaboliseer word, voorgeskryf word. Om optimum terapeutiese bloedvlakke te behou, mag die dosisse van medisyne wat deur hierdie ensieme gemetaboliseer word, moontlik aangepas moet word wanneer behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** begin of gestaak word.
Aangesien isoniasied 'n inhibeerder van die lewermetabolisme van medisyne is, mag dit daarom die effekte van sommige medisyne wat saam geneem word, verhoog.
Newe-effekte het voorgekom wanneer isoniasied saam met fenitoïen, primidoon, karbamasepien, etosuksamied, bensodiasepien soos diasepam of triasolam en warfarien toegedien is. Toepaslike aanpassings behoort aan die dosisse van antikoagulante gemaak te word
Die plasmakonsentrasies van teofillien mag toeneem.
'n Toename in die newe-effekte van die sentrale senuweestelsel het voorgekom wanneer isoniasied saam met sikloserien en disulfiram toegedien is.
Isoniasied kan deur verbindings soos alkohol, alfentanil, aminosalisielsuur, kortikosteroïede, ketokonasool, propranolol en groot dosisse van piridoksien geaffekteer word.
Die orale absorpsie van isoniasied soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** word deur aluminiumbevattende teensuurmiddels verminder. **CO-AFARIS PAED 75/50/150** behoort ten minste een uur voor die teensuurmiddel toegedien te word.
Die meegaande gebruik van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** saam met chronies gebruikte parasetamol, alkohol en ander hepatotoksiese medisyne mag die potensiaal vir isoniasiedgeïnduseerde hepatotoksisiteit verhoog.

Antiretrovirusmedisyne
Die opruiming van isoniasied word ongeveer verdubbel wanneer dit saam met salsitabien toegedien word. **CO-AFARIS PAED 75/50/150** behoort met sorg saam met stavudien en salsitabien gebruik te word aangesien stavudien, salsitabien en isoniasied geassosieer is met die veroorsaking van perifere neuropatie.

Voedselinteraksies:
Weens 'n mate van monoamienoksidase aktiwiteit van isoniasied, mag 'n interaksie met tiramienbevattende voedsel (kaas, rooiwyn) voorkom. Diamienoksidase mag ook geïnhibeer word wat 'n oordrewe respons (bv. hoofpyn, sweet, hartkloppings hittegloede, hipotensie) tot voedsel wat histamien bevat (bv. katonkel, tuna, ander tropiese vis), veroorsaak. Tiramien- en histamienbevattende voedsel behoort vermy te word deur pasiënte wat **CO-AFARIS PAED 75/50/150** ontvang.

Pirasinamied
Kombinasies wat enige van die volgende medisyne bevat mag ook interaksie met pirasinamied, soos in **CO-AFARIS PAED 75/50/150** toon.
Sulfinpirasoon, allopurinol, kolgisien en probenesied
Pirasinamied mag die serumkonsentrasie van uriensuur verhoog en die effektiwiteit van die jigterapie van allopurinol, kolgisien, probenesied of sulfinpirasoon verminder. Dosisaanpassings van hierdie medisyne mag nodig wees om hiperurisemie en jig te beheer wanneer teenjig medisyne saam met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** gebruik word.

Siklosporien
Die gelyktydige gebruik saam met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** mag die serumkonsentrasies van siklosporien verlaag wat tot onvoldoende immuunonderdrukking lei. Serumkonsentrasies van siklosporien behoort gemonitor te word wanneer dit saam met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** gebruik word.

MENSLIKE REPRODUKSIE
Die veiligheid gedurende swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.
Rifampisien, isoniasied en pirasinamied beweeg deur die plasenta en aldrie die aktiewe bestanddele word in die melk uitgeskei.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Die Suid-Afrikaanse TB beheerprogram definieer daaglikse dosering as 5 dae per week.

CO-AFARIS PAED 75/50/150 word aanbeveel in die aanvanklike intensiewe fase van die kort kursus behandeling van longtuberkulose. Gedurende hierdie fase, wat 2 maande duur, behoort **CO-AFARIS PAED 75/50/150** op 'n aanhoudende daaglikse basis toegedien te word. Wanneer aangedui, kan ander antituberkulosemiddels soos streptomisien bygevoeg word.

Die totale dosisvereiste is as volg

	Daagliks	Maksimum daaglikse dosis
Rifampisien	15 mg/kg (10 tot 20)	600 mg
Isoniasied	10 mg/kg (7 tot 15)	300 mg
Pirasinamied	35 mg/kg (30 tot 40)	2 g

Die daaglikse dosis word uit die aanbevole daaglikse vereiste hierbo bereken en om die dosis volgens liggaamsmassa noukeurig te reguleer.

Tabel 1: Berekening van die dosis	
Aantal tablette	**Vir babas/kinders met liggaamsmassa (kg)**
1 tablet	4 - 7
2 tablette	8 - 11
3 tablette	12 - 15
4 tablette	16 - 24
Volwasse dosis aanbeveel	25 +

Die tablette kan in so min as 5 ml water opgelos word en behoort verkieslik op 'n leë maag as 'n enkel dosis geneem te word.

Chemoprofilakse: Kinders jonger as 5 jaar oud in noue huishoudelike kontak met 'n smeer positiewe geval van longtuberkulose behoort met rifampisien/isoniasied vir 'n periode van 3 maande behandel te word. Roetine chemoprofilakse van diegene ouer as 5 jaar oud word nie aanbeveel nie.

CO-AFARIS PAED 75/50/150 behoort ten minste een uur voor aluminiumbevattende teensuur middel geneem te word.

NEWE-EFFEKTE
RIFAMPISIEN
Afwykings van die bloed- en limfsisteem:
Minder dikwels: Bloeddiskrasieë, ongewone bloeding of kneusing, trombositopenie, purpura, hemolise, eosinofilie, leukopenie, hemolitiese anemie.

Afwykings van die immuunstelsel:
Frekwensie onbekend. Anafilakse en skok.

Afwykings van die senuweestelsel:
Minder dikwels: Verwardheid, lomerigheid, hoofpyn, ataksie, duiseligheid, perifere neuropatie en algemene ongevoeligheid.

Oogafwykings:
Minder dikwels. Onduidelike sig, oogirritasie.

Afwykings van die oor en labirint:
Minder dikwels: Verbygaande gehoorverlies.

Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Pulmonêre fibrose, pneumonitis, kortasemheid en hyging.

Gastrointestinale afwykings:
Dikwels: Naarheid, braking, diarree en epigastriese nood.
Minder dikwels: Pseudomembraneuse kolitis.
Frekwensie onbekend. Ulseratiewe kolitis, gastrointestinale bloeding.

Hepatobiliêre afwykings:
Minder dikwels: Hepatitis (wat fataal mag wees), hepatitis prodromale simptome wat verlies aan eetlus, naarheid en braking, ongewone moegheid of swakheid mag insluit. 'n Toename in serumtransaminase vlakke.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel:
Dikwels: Kutane reaksies wat tipies uit hittegloede en jeuk, met of sonder uitslag bestaan.
Minder dikwels: Meer ernstige kutane hipersensitiwiteitsreaksies, toksiese epidermale nekrolise, eksfoliatiewe dermatitis, erythema multiforme, insluitende Stevens-Johnson se sindroom en vaskulitis, middelreaksie met eosinofilie sistemiese simptome (DRESS).

Muskuloskeletale en bindweefsel afwykings:
Dikwels: Spierswakheid en miopatie.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Interstisiële nefritis, nierversaking.

Afwykings van die reproduktiestelsel:
Minder dikwels: Afwykings van die menstruele siklus, afname in die effektiwiteit van orale voorbehoedmiddels

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Dikwels: Rooi-oranje tot rooi-bruin verkleuring van die urien, fekes, speeksel, sputum, sweet en trane. Sagte kontaklense mag permanent gevlek word.
Minder dikwels: Behandeling af en toe, onderbroke of herhaalde behandeling met rifampisien mag die kanse dat 'n pasiënt griepsindroom, 'n febriele reaksie met griepagtige simptome, oorgroeiing van swamme d.i. seer mond of long ontwikkel, verhoog.

ISONIASIED
Afwykings van die bloed- en limfsisteem:
Minder dikwels: Verskeie hematologiese afwykings, insluitende eosinofilie, agranulositose, trombositopenie en verskeie anemieë.

Afwykings van die immuunstelsel:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteitsreaksies insluitende verskeie veluitbarstings, koors, limfadenopatie en vaskulitis, lupusagtige reaksies.

Metabolisme en voedingsafwykings:
Minder dikwels: Hiperglukemie, metaboliese asidose.

Psigiatriese afwykings:
Minder dikwels: Psigotiese reaksies (gekenmerk deur delusies, hallusinasies, en verwardheid), ingekorte geheue.

Afwykings van die senuweestelsel.
Dikwels: Perifere neuropatie.
Minder dikwels: Polineuritis geassosieer met parestesie, spierswakheid, verlies aan tendonrefleksie, stuipaanvalle, 'n toename in die frekwensie van aanvalle in epileptiese pasiënte, ataksie.

Oogafwykings:
Minder dikwels: Optiese neuritis, onduidelike gesig of verlies aan sig met of sonder oogpyn)

Afwykings van die oor en labirint:
Minder dikwels: Vertigo.

Gastrointestinale afwykings:
Dikwels: Diarree, naarheid en barking maagpyn, hardlywigheid, droë mond, pankreatitis.

Hepatobiliêre afwykings:
Dikwels: Hepatitis (soms fataal), hepatitis prodromale simptome (Verlies aan eetlus, naarheid of braking, ongewone moegheid of swakheid) verbygaande toenames in lewerensieme.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel:
Minder dikwels: Velreaksies, pellagra, aknee, Stevens-Johnson se sindroom, eksfoliatiewe dermatitis.
Frekwensie onbekend: Alopesie, urtikarie.

Muskuloskeletale en bindweefselafwykings:
Frekwensie onbekend: 'n Rumatiese sindroom, hiperrefleksie.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Urienretensie.

Reproduktiestelsel- en borsafwykings:
Minder dikwels: Ginekomastie.

Pirasinamied:
Bloed- en limfafwykings:
Minder dikwels: Sideroblastiese anemie, trombositopenie.

Afwykings van die immuunstelsel:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteitsreaksie.

Metabolisme en voedingsafwykings:
Minder dikwels: Pellagra.

Gastrointestinale afwykings:
Minder dikwels: Anoreksie, naarheid, braking, agteruitgang van peptiese ulkus.

Hepatobiliêre afwykings:
Dikwels: Hepatotoksisiteit (dit wil voorkom asof die frekwensie dosisverwant is).

Afwykings van die vel en subkutane weefsel:
Minder dikwels: Fotosensitiwiteit, veluitslag, pruritus.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Dikwels: Artralgie wat met hiperurisemie verband hou.
Minder dikwels: Jigagtige artritis.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Disurie.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Minder dikwels: Algemene gevoel van ongesteldheid, koors.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Rifampisien: Akute oordosering met rifampisien het 'n kenmerkende helder rooi verkleuring van die vel en slymvliese veroorsaak, soms na verwys as die "rooi man sindroom", geestelike afstomping, peri-orbitale of gesigsedeem en algemene pruritus.
Isoniasied: Die simptome is waarskynlik meer verwant aan isoniasied, dit sluit hiperglukemie en metaboliese asidose, sleepspraak, stuipaanvalle, koma, hallusinasies, asemnood en onderdrukking van die senuweestelsel in, dit mag fataal wees.
Pirasinamied: Simptome mag vererger van die newe-effekte wees.
Algemeen: In die geval van oordosering met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** mag 'n geaktiveerde houtskoolpap in die maag help om oorblywende medisyne in die maagdermkanaal te absorbeer. Antiëmetika mag nodig wees om erge naarheid en braking te beheer. Intensiewe ondersteunende maatreëls behoort ingestel te word en individuele simptome behoort, wanneer hulle voorkom, behandel te word. Verdere behandeling is simptomaties en ondersteunend.
As akute oordosering vermoed word, selfs in asimptomatiese pasiënte, behoort die toediening van intraveneuse piridoksien (vitamien B6) oorweeg te word. In pasiënte met stuipaanvalle wat nie met piridoksien beheer kan word nie, behoort antistuipterapie toegedien te word. Natriumbikarbonaat behoort toegedien te word om metaboliese asidose te beheer. Hemodialise word vir refraktêre gevalle aanbeveel; as dit nie beskikbaar is nie, kan peritoneale dialise saam met geforseerde diurese gebruik word.

IDENTIFIKASIE
CO-AFARIS PAED 75/50/150
Baksteen rooi, gevlekte, ronde 11,0 mm, onbedekte, bikonvekse tablette met 'n diep breeklyn aan die een kant en glad aan die ander kant.

AANBIEDING:
CO-AFARIS PAED 75/50/150
HDPE Houer:
Tablette word in 'n deurskynende, selfseëlende LDPE polsakkie verpak en verder in 'n silwer gekleurde driedubbel gelamineerde aluminiumsakkie (LDP/PET/AL) in 'n wit plastiekhouer (HDPE) wat by die bek met 'n aluminiumoortjie gebère word en dan met 'n HDPE skroefdeksel gesluit word. Pakgroottes sluit 100 tablette in
Alu-Alu stolpverpakking:
Tablette word in silwergekleurde aluminiumfoelie (sag getemper), gelamineer met lae-digtheid poliëtileen film as bedekking en vormingsmateriaal verpak. Die stolpstrokie word in 'n voorafgedrukte karton verpak. Pakgroottes sluit 28, 56, 84 en 112 tablette in.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Berg by of onder 25 °C. Beskerm teen vogtigheid en lig.
Hou die aluminium sakkie in die HDPE houer tot benodig vir gebruik.
Hou die strokie in die karton tot benodig vir gebruik.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS

REGISTRASIENOMMER:
52/20.2.3/0306

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
MACLEODS PHARMACEUTICALS SA (EDMS.) BPK.
Grondvloer, Blok 1
Bassonia Estate Kantoorpark (Oos)
Cussonialaan 1
Bassonia Rock Uitbr. 12
Alberton
Gauteng

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
26 Oktober 2018.

Pasiënt Inligtingsblaadjie

SKEDULERINGSTATUS:

S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM:
CO-AFARIS PAED 75/50/150 (orale oplosbare tablet)
Rifampisien 75 mg, isoniasied 50 mg en pirasinamied 150 mg.

LEES DIE HELE BROSJURE SORGVULDIG VOORDAT U BEGIN OM CO-AFARIS PAED 75/50/150 TOE TE DIEN.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **CO-AFARIS PAED 75/50/150** is vir u kind persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u kind se medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal is hul simptome dieselfde as u kind sin.

WAT CO-AFARIS PAED 75/50/150 BEVAT
CO-AFARIS PAED 75/50/150 bevat die aktiewe bestanddele rifampisien 75 mg, isoniasied 50 mg en pirasinamied 150 mg.
Die ander bestanddele is mikrokristallyne sellulose, krospovidoon, povidoon, gebleikte skellak, kroskarmellose natrium, aarbeigeursel en magnesiumstearaat. Bevat aspartaam. Suikervry

WAARVOOR CO-AFARIS PAED 75/50/150 GEBRUIK WORD
CO-AFARIS PAED 75/50/150 is 'n antimikrobiese middel wat in die behandeling van longtuberkulose (TB-infeksie van die longe) in kinders gebruik word.

VOORDAT U CO-AFARIS PAED 75/50/150 TOEDIEN
MOENIE CO-AFARIS PAED 75/50/150 TOEDIEN as u kind aan een van die kondisies hieronder ly nie:
- As u kind hipersensitief (allergies) teen rifamisiene, insluitende rifampisien, isoniasied, pirasinamied of enige ander chemies verwante medisyne soos etionamied en niasien of enige van die bestanddele van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** is.
- As u kind aan enige lewersiekte of geelsug (geel verkleuring van die oë en vel) ly.
- **CO-AFARIS PAED 75/50/150** behoort nie saam met nevirapien (gebruik in die behandeling van MIV) toegedien te word nie.
- As u kind aan enige niersiekte ly.
- As u kind aan porfirie ly.
- As u kind 'n geskiedenis van jig het.
- As u kind 'n diabeet is.
- As u kind aan epilepsie ly.
- As u kind trombositopenie en purpura (kneusing, bloeding van die neus, of bloeding in die mond en tandvleis, uitslag met rooi speldepunt kolletjies) ontwikkel het terwyl hy/sy **CO-AFARIS PAED 75/50/150** geneem het.
- As u kind swanger is of haar kind borsvoed

As u kind jeuk met swelling of uitslag van die vel of moeite met asemhaling begin ontwikkel moet nie meer **CO-AFARIS PAED 75/50/150** toedien nie en stel u dokter onmiddellik in kennis.

Neem spesiale sorg met CO-AFARIS PAED 75/50/150:
- As u kind trombositopenie en purpura (kneusing, bloeding van die neus, of bloeding in die mond en tandvleis, uitslag met rooi speldepunt kolletjies) ontwikkel het terwyl hy/sy **CO-AFARIS PAED 75/50/150** geneem het.
- Voordat u **CO-AFARIS PAED 75/50/150** toedien, moet u u dokter in kennis stel as u kind aan epilepsie ly.
- **CO-AFARIS PAED 75/50/150** behoort nie aan kinders toegedien te word wie se lewers nie normaal funksioneer nie. In gevalle waar daar geen ander behandelingsopsies bestaan nie, sal u dokter agter u kind se lewerfunksie voor behandeling en elke twee tot vier weke gedurende behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** monitor. Stel u dokter onmiddellik in kennis en staak die toediening van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** as u kind simptome van hepatitis (inflammasie van die lewer wat, indien nie behandel word nie, tot die dood kan lei), soos moegheid, swakheid, 'n algemene gevoel van ongesteldheid, verlies aan eetlus, naarheid of braking ontwikkel.
- U dokter sal u kind se bloedtellings monitor as u kind aan 'n lewersiekte ly, of indien hy/sy op langtermyn behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** is. As u kind lae plaatjietellings (bloedselle wat vir bloedklonting verantwoordelik is) ontwikkel met simptome van makliker of oormatige kneusing, bloeding in die vel wat as 'n uitslag met speldepunt rooi-pers kolletjies voorkom, gewoonlik op die onderbene, verlengde bloeding van snywonde, spontane bloeding van die tandvleis of neus en bloed in die urien of stoelgang, behoort die toediening van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** gestaak en permanent onttrek te word (sien **MOENIE CO-AFARIS PAED 75/50/150 TOEDIEN**).
- As ander ernstige komplikasies weens hierdie medisyne voorkom soos nierversaking of bloedsiektes, behoort **CO-AFARIS PAED 75/50/150 gestaak en nooit weer heringestel te word nie.**
- Uriene, fekes, speeksel, sputum, sweet en trane kan rooi-oranje deur **CO-AFARIS PAED 75/50/150** verkleur word
- Sagte kontaklense kan permanent verkleur word.
- U dokter mag periodieke oogondersoeke voorskryf aangesien **CO-AFARIS PAED 75/50/150** onduidelike sig of gesigsverlies met of sonder oogpyn en oogirritasie kan veroorsaak.
- U dokter mag vitamien B_6 (piridoksien) saam met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** voorskryf om newe-effekte tot 'n minimum te beperk as u kind ondervoed is of aan neuropatie (beskadiging van die senuwees wat tot swak koördinasie, spierswakheid, pyn in die vingers of tone, of ongevoeligheid) ly.
- Dien **CO-AFARIS PAED 75/50/150** aan u kind toe soos deur u dokter voorgeskryf op 'n aanhoudende basis sonder onderbreking, om die ontwikkeling van newe-effekte soos 'n ernstige allergiese reaksie (swelling van die hande, voete, enkels, lippe, mond of long wat moeite met asemhaling mag veroorsaak, uitslag en jeuk) of 'n griepagtige sindroom (koue koors, duiseligheid, moeite met asemhaling, koors, hoofpyn, spierpyn, beenpyn en bewerasie) te vermy.
- Stel u dokter in kennis as u kind aan een van die volgende kondisies ly
  - Niersiekte
  - Geskiedenis van jig
  - Diabetes, aangesien dit moeilik mag wees om suikervlakke te beheer as hy/sy **CO-AFARIS PAED 75/50/150** neem.

Die neem van CO-AFARIS PAED 75/50/150 saam met voedsel en vloeistof:
CO-AFARIS PAED 75/50/150 behoort sonder voedsel geneem te word. Vermy tiramienbevattende voedsel (bv. kaas, rooiwyn) en histamienbevattende voedsel (bv. katonkel, tuna en tropiese vis). Vermy alkohol.

Swangerskap en borsvoeding:
Die veiligheid gedurende swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.
As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker vir advies nader as u **CO-AFARIS PAED 75/50/150** neem.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
CO-AFARIS PAED 75/50/150 kan duiseligheid, ingekorte konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak. As u hierdie simptome ondervind, moet u potensieel gevaarlike take soos bestuur en met masjinerie te werk, vermy.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van CO-AFARIS PAED 75/50/150:
Fenielketonurie: Pasiënte met fenielketonurie behoort in kennis gestel te word dat **CO-AFARIS PAED 75/50/150** fenielalanien ('n komponent van aspartaam) bevat.

Die toediening van ander medisyne saam met CO-AFARIS PAED 75/50/150:
Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u kind enige van die volgende medisyne neem. Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in.

CO-AFARIS PAED 75/50/150 kan die effek van ander medisyne verander en ander medisyne kan die effek van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** beïnvloed.
Moenie CO-AFARIS PAED 75/50/150 toedien en stel u dokter onmiddellik in kennis as u kind enige van die volgende medisyne neem:
- Nevirapien, sakinavir of ritonavir (MIV medisyne).

Die volgende medisyne kan veroorsaak dat **CO-AFARIS PAED 75/50/150** nie na wense werk nie.
- Alkohol, alfentanil, aminosalisielsuur (TB medisyne), kortikosteroïede soos hidrokortisoon, betametasoon en prednisoloon (vir die behandeling van inflammatoriese kondisies), ketokonasool (vir swaminfeksies), propranolol (vir hoë bloeddruk) en hoë dosisse piridoksien (vitamien B_6).
- Teensuurmiddels wat magnesiumtrisilikaat, aluminiumhidroksied of natriumbikarbonaat en ander aluminiumbevattende teensuurmiddels vir indigestie, bevat. Dien **CO-AFARIS PAED 75/50/150** ten minste een uur voor die teensuurmiddel toe.

Wanneer u **CO-AFARIS PAED 75/50/150** toedien, is dit veral belangrik om u dokter of professionele gesondheidswerker in kennis te stel as u kind enige van die volgende medisyne gebruik, aangesien dit moontlik vir u dokter nodig sal wees om die dosis van die medisyne aan te pas.
- Medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel soos etosuksimied, fenitoïen en karbamasepien.
- Medisyne soos itrakonasool, flukonasool en ketokonasool wat gebruik word om swaminfeksies te behandel.
- MIV-medisyne soos sidovudien, delavirdien, efavirens, MIV-protease-inhibeerders (lopinavir, duranavir, atasanavir, fosamprenavir, indinavir).
- Ander medisyne sluit sekere narkosemiddels (om die spiere voor chirurgie te verslap), asatopnen, siklosporien (immunoonderdrukkers), chlooramfenikol, siklosenen, dapsoon, doksisiklien (medisyne gebruik vir infeksies), simetidien (gebruik vir ulkusse), klofibraat (verlaag cholesterol), kortikosteroïede soos hidrokortisoon, betametasoon en prednisoloon (vir die behandeling van inflammatoriese kondisies), warfarien (bloedverdunner), diasepam (vir angs en depressie), haloperidol (vir geestesiekte), heksobarbitoon (sedeermiddel), metadoon (vir heroïenonttrekking), orale hipoglukemiese middels gebruik in die behandeling van diabetes, sulfasalasien gebruik in rumatiese artritis en inflammatoriese dermsiekte), tiroïedhormone (levotiroksien), teofillien (vir hyging of moeite met asemhaling), kinien (gebruik in malaria), medisyne om u hartklop te kontroleer soos digoksien, disopiramied, lorkaïnied meksiletien, propfenoon, kinidien, tokaïnied, medisyne om hartprobleme te behandel soos betablokkeerders (propranolol), verapamiel en ander kalsiumkanaalblokkeerders, medisyne gebruik vir erge pyn soos kodeïen, morfien, fentaniel of petidien, medisyne gebruik vir pyn en koors soos aspirien en medisyne om u te help slaap soos barbiturate (bv. fenobarbitoon).
- **CO-AFARIS PAED 75/50/150** kan die effektiwiteit van orale voorbehoedmiddels verminder. Gebruik 'n betroubare metode van skeidingskontrasepsie soos kondome, terwyl **CO-AFARIS PAED 75/50/150** geneem word.
- Allopurinol, kolgisien, probenesied en sulfinpirasoon (gebruik vir die behandeling van jig).

Die volgende middels, wanneer dit saam met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** geneem word, kan die voorkoms van newe-effekte verhoog:
- Medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel soos etosuksimied, fenitoïen, primidoon en karbamasepien. U dokter sal die dosis van die epilepsiemedikasie dienooreenkomstig aanpas).
- MIV medisyne soos MIV protease-inhibeerders (lopinavir, ritonavir, sakinavir, duranavir, atasanavir, fosamprenavir), stavudien en salsitabien.
- Ander medisyne soos warfarien (verdun die bloed), diasepam, triasolam (vir angs en depressie), siklosenen (TB medisyne), disulfiram (behandeling van alkoholafhanklikheid), teofillien (vir hyging en moeite met asemhaling).
- Alkohol (daaglikse inname kan tot erge lewerprobleme lei).

Voedselinteraksies.
- **CO-AFARIS PAED 75/50/150** kan 'n wisselwerking met tiramienbevattende voedsel (kaas, rooiwyn) en met voedsel wat histamien bevat (katonkel, tuna en ander tropiese vis) toon wat tot hoofpyn, sweet, hartkloppings (hart klop te hard of te vinnig), hittegloede en lae bloeddruk lei. Probeer om die voeding van tiramien- en histamienbevattende voedsel aan u kind te vermy terwyl hy/sy op behandeling met **CO-AFARIS PAED 75/50/150** is.

HOE OM CO-AFARIS PAED 75/50/150 TOE TE DIEN
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enigiemand anders deel nie.
Dien **CO-AFARIS PAED 75/50/150** altyd toe presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **CO-AFARIS PAED 75/50/150** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg

CO-AFARIS PAED 75/50/150 word aanbeveel in die aanhoudende fase van longtuberkulose. Gedurende hierdie fase behoort CO-AFARIS PAED 75/50/150 op 'n aanhoudende daaglikse basis toegedien te word.
U dokter sal die aantal tablette wat u daagliks benodig op grond van u kind se liggaamsmassa voorskryf.
Die tablette kan in so min as 5 ml water opgelos, of gekou word en behoort verkieslik op 'n leë maag (30 minute vóór of twee ure na 'n maaltyd) as 'n enkel dosis geneem te word. **CO-AFARIS PAED 75/50/150** behoort ten minste een uur vóór die inname van aluminiumbevattende teensuurmiddels geneem te word.

Moenie die gebruik van CO-AFARIS PAED 75/50/150 staak omdat u kind beter voel nie.
As die volle behandeling soos deur u dokter voorgeskryf, nie voltooi word nie, mag sommige van die bakterieë wat vir die TB-infeksie verantwoordelik is, nie gedood word nie. Hierdie bakterieë kan aanhou om te groei en vermenigvuldig sodat die infeksie nie heeltemal opklaar nie, of dit kan weer terugkeer.

As u te veel CO-AFARIS PAED 75/50/150 toegedien het:
Simptome sluit naarheid, braking maagpyn, duiseligheid, hoë bloedsuikervlakke, hoë suurvlakke in die bloed, hallusinasies, moeite met asemhaling en onderdrukking van die sentrale senuweestelsel met stuipaanvalle en koma in. Ander tekens van oordosering sluit helder rooi verkleuring van die vel en slymvliese, afname in geestelike skerpheid, swelling van die gesig en oë en algemene jeuk in.
As enige van hierdie simptome voorkom, moet u onmiddellik mediese hulp kry deur u dokter of professionele gesondheidswerker te raadpleeg.

As u vergeet het om CO-AFARIS PAED 75/50/150 aan u kind toe te dien:
As u kind vergeet het om 'n dosis **CO-AFARIS PAED 75/50/150** te neem, moet u dit sodra u daarvan onthou, toedien. As dit egter byna tyd vir die volgende dosis is, slaan die oorgeslaande dosis oor en gaan met die gereelde doseringskedule voort. Moet nooit die dosis verdubbel nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
CO-AFARIS PAED 75/50/150 kan newe-effekte hê
Nie al die newe-effekte wat vir **CO-AFARIS PAED 75/50/150** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u kind se algemene gesondheid agteruitgaan of as u kind enige ongewone effekte ondervind terwyl hy/sy **CO-AFARIS PAED 75/50/150** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg.

As enige van die volgende gebeur moet u ophou om CO-AFARIS PAED 75/50/150 te neem en u dokter onmiddellik in kennis stel, of gaan na die ongevalle afdeling van u naaste hospitaal:
- Swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel wat moeite met asemhaling en sluk mag veroorsaak.
- Uitslag of jeuk
- Floute
- Geel verkleuring van die vel en oë, ook geelsug genoem.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u hulle waarneem, mag u dalk 'n ernstige reaksie teen **CO-AFARIS PAED 75/50/150** gehad het. U mag dringend mediese hulp of hospitalisering benodig.

Stel u dokter onmiddellik in kennis of gaan na die ongevalle afdeling van u naaste hospitaal as u kind enige van die volgende newe-effekte waarneem,
- Rooi en/of jeukerige vel, blasies of puisies.
- Velkondisie met erge blaasvorming en bloeding van die lippe, oë, mond, neus en geslagsorgane (tekens van Stevens-Johnson se sindroom).
- Wydverspreide afskilfering van die vel met jeuk, velrooiheid en haarverlies (simptome van eksfoliatiewe dermatitis).
- Kortasemheid en hyging.
- Longsiekte wat hoes, moeite met asemhaling en hyging (tekens van pneumonitis) veroorsaak.
- Letselvorming en verdikking in die longe met kortasemheid (simptome van pneumonitis).
- Bloed in die urien of enige ander urineringsafwykings.
- Koors, kouekoors, hoofpyn of duiseligheid.
- Beenpyn.
- Kneusing, neusbloei of bloeding van die mond en tandvleis, uitslag met speldepunt rooi kolletjies.
- Moegheid, swakheid, algemene gevoel van ongesteldheid, anoreksie (verlies aan eetlus), naarheid of braking.
- Buikpyn, bloed in die stoelgang, aanhoudende periodes van diarree wat nie op "oor-die-toonbank" medisyne reageer nie of 'n onverklaarde koors wat vir meer as 'n dag of twee duur (ulseratiewe kolitis).
- Bloeding van die maagwand met die braking van bloed of materiaal wat soos koffiemoer, bloeding uit die anus, swart, taai stoelgang of bloederige diarree.
- Inflammasie van die pankreas met erge boonste buikpyn, naarheid en braking.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. U mag dringende mediese aandag vereis.

Stel u dokter onmiddellik in kennis as u kind enige van die volgende newe-effekte toon, veral as hulle etlike weke na staking van die behandeling met CO-AFARIS PAED 75/50/150 voorkom:
- Erge maagkrampe
- Waterige en erge diarree wat ook bloeding mag wees
- Koors in kombinasie met een of beide van die bogenoemde.

U kind mag aan 'n ernstige kondisie ly wat die derm aantas en dringende mediese hulp mag vereis.
Moenie enige medisyne vir diarree gee voordat u nie u dokter geraadpleeg het nie.

Stel u dokter in kennis wanneer u een van die volgende waarneem:
Dikwels voorkomende newe-effekte.
- Sooibrand, anoreksie, naarheid, braking, windengheid krampe of diarree, hardlywigheid, droë mond.
- Velreaksies met hittegloede en jeuk, met of sonder uitslag.
- Pynlike spiere, spierteerheid of -swakheid wat nie deur oefening veroorsaak word nie.
- Rooi-oranje tot rooi-bruin verkleuring van die urien, fekes, speeksel, sputum, sweet en trane
- Sagte kontaklense mag permanent verkleur
- Gevoelloosheid van die arms en bene.
- Toename in lewerensieme

Minder dikwels voorkomende newe-effekte:
- Toename in sommige witbloedselle (eosinofilie).
- Tekort aan witbloedselle wat dikwels tot infeksies soos koors, erge koue koors, seer keel of mondulkusse lei (leukopenie).
- Moegheid, hoofpyn, kortasemheid met oefening, duiseligheid, bleekheid en geel verkleuring van die vel en/of oë (hemolitiese anemie).
- Hoë bloedglukosevlakke.
- Hoë suurvlakke in die bloed.
- Geestesiekte met vreemde of kommerwekkende gedagtes of buie.
- Geheueverlies.
- Hoofpyn, duiseligheid, lomerigheid, moegheid, onvermoë om te konsentreer of verwardheid.
- Swak koördinasie, pyn in die vingers of tone, of gevoelloosheid, ongewone reflekse en rukkings.
- Stuiptrekkings of toename in stuiptrekkings as u 'n epileptiese pasiënt is.
- Onduidelike sig of verlies aan sig met of sonder oogpyn, oogirritasie.
- Menstruele afwykings.
- Orale voorbehoedmiddels mag minder effektief raak
- Tydelike gehoorverlies
- Vertigo (gevoel van duiseligheid met 'n tolsensasie).
- Veluitslag, jeukerige uitslag, aknee, sensitiwiteit teen die son, allergiese reaksies.
- Vergroting van die borste
- Orale spruit - wit, wollerige seer tong en mond.
- Swelling van die hande, enkels of voete.
- Agteruitgang van maagulkusse.
- Moeite met urinering.
- Koors, spierpyn, pyn en swelling van die gewrigte (veral groottoon, enkel en knie met stywe warm vel oor die aangetaste gewrigte).
- Ongewone moegheid of swakheid.

As u enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie brosjure genoem word nie, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.

OPBERGING EN WEGDOEN VAN CO-AFARIS PAED 75/50/150:
Berg by of onder 25 °C.
Hou die aluminiumsakkie in die HDPE houer tot benodig vir gebruik.
Hou die strokie in die karton tot benodig vir gebruik.
Bewaar hierdie medisyne weg van lig en vogtigheid. Moenie in die badkamerkabinet bêre nie.
Enige medisyne wat verval het en enige ongebruikte medisyne kan na u naaste apteker teruggeneem word.
BERG ALLE MEDISYNE BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

AANBIEDING VAN CO-AFARIS PAED 75/50/150
HDPE houer:
Silwergekleurde, driedubbel gelamineerde aluminium sakkie (PET/Al/LLDPE) in 'n wit plastiese (HDPE) houer wat by die mond met aluminium geseël word en met 'n wit HDPE skroefdeksel afgesluit is. Pakgroottes 100 tablette in.

Alu-alu stolpverpakking:
Silwergekleurde aluminiumbasis foelie met 'n ambergekleurde (PVC/PVdC) dekfoelie. Die stolpstrokie word in 'n voorafgedrukte karton verpak. Pakgroottes sluit 28, 56, 84, 100 en 112 tablette in.

IDENTIFIKASIE:
CO-AFARIS PAED 75/50/150:
Baksteen rooi, gespikkelde, ronde 11,0 mm, onbedekte tablette met 'n breeklyn aan beide kante.

REGISTRASIENOMMER:
52/20.2.3/0306

NAAM EN ADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
MACLEODS PHARMACEUTICALS SA (EDMS.) BPK.
Grondvloer, Blok 1
Bassonia Estate Kantoorpark (Oos)
Cussonialaan 1
Bassonia Rock Uitbr. 12
Alberton
Gauteng

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE INLIGTINGSBROSJURE:
26 Oktober 2018.

MACLEODS

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

1. Product: CO-AFARIS PAED 75/50/150	
2. Country: South Africa	3. Packaging component: Package Insert & Patient Information Leaflet
4. No. of Colours: 1 Colour	5. Pantone Shade No.: Black
6. Specification: 40 gsm bible paper	
7. Machine Layout No.: NA	8. Dimensions: 535 x 490 mm
9. Design / Style: NA	10. Item code No.: PM03053001
11. Artwork has been made: Actual Size	12. Pharma code No.: 23594 mint
13. Barcode/NDC no: NA	14. Supersedes Item code No: NA
15. Revision no: 00	16. File Name: E:\ARTDA Regulatory\South Africa\Afaris 75, Iso 50 & Pyra 150\PM\Ampicilin 75 mg, Isoniazid 50 mg & Pyra 150 PI-PIL_PM03053001.cdr
Approved By:	17. Location: Daman

PRD	M.A. HOLDER	MEDICAL/RAD	QC	PRODN	QA
21/10/19	Rashmi Gosai	30/10/19	31/10/19	31/10/19	01/11/19

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

FRM/CQA/021/04-01

Reason for revision :	Item code	Artwork Release Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM03053001		

CONTROLLED COPY
Dept. Code No.: 01
Sign.: Date : 02/07/22